

Oosterwa - Malonjeni



shutterstock · 98241443

26/03/2018

Inhoudsopgawe

- Bybelvers
- Inligting
- Fotos
- Resepte
- Verjaarsdae

OOSTERWA VIERDE UITGawe MALONJENI – 23 TOT 25 FEBRUARIE 2018

UIT DIE WORD: Ps. 25: 8 – 11 Maak my U weë bekend.

Die Here is goed en regverdig: Hy wys selfs vir sondaars die pad aan, Hy laat aan hulpeloses reg geskied en Hy leer hulle sy pad. Liefde en trou is die paaie wat die Here bewandel met die wat sy verbond en verordeninge bewaar.

Ter wille van U Naam, Here, vergewe my my sonde, want dit is groot.



So het Oosrandia se gebiedskamp te Malonjeni ook tot 'n einde gekom. Om self die kamp by te woon is 'n groter belewenins as om net daaroor te skryf. Die afwagting en opgewondenheid voor die tyd is groot,

en dit is 'n aangename verrassing en met groter blydskap as jy uiteindelik by die kamp aankom en jy weer al die vriendelike bekendes kan groet sowel as onbekendes wat na die naweek ook nie meer vreemdelinge is nie.

Vrydag na boekvat en verwelkoming het elkeen self gesorg vir iets om te eet. Party het gebaraai, wat met smaaklike bykosse bedien is. Daarna was dit weer rustig gesels en kuier tot slaaptyd.

Saterdag was almal vroeg op om met die dag se verrigtinge te begin met boekvat wat die hele naweek deur Danie Dennis van streek Mooifontein waargeneem is. Streek Kempton Park het groot aftrek gekry met die verkoop van hul ontbyt rolletjies wat bestaan het uit 'n rolletjie, gelaai met gebraaide uie, spek en eier. Elkeen wat van dit geëet het, het nie nodig gehad om self ontbyt te maak nie. Streek Rietfontein het mieliepitte met speserye en gesmelte botter by hul stalletjie verkoop. Streek Elandsrand

het gebraaide "corn dogs" verkoop. So was daar allerlei stalletjies wat iets aangebied het. Alet Meyer se kolwyntjies het groot aftrek gevind by Juliana se kleindogter, Zandri.

Die hoogtepunt van die dag was natuurlik die "donkie derby". Geld is oor en weer verwissel tussen die koop van donkies en om te besluit watter een gaan wen. Almal het nie ewe goed gevaar nie. Daar was selfs een van die donkies wat verlore geraak het!!!

Saterdag aand het die oord ons voorsien van vure, pap en sous. So het ons almal saam 'n vleisie gebraai, en heerlik geet en gekuier. Na 'n lang en aangename dag het ons almal gaan inkruip.

Sondagoggend het Danie die kerk diens geleei. Ek glo elkeen wat na hom geluister het, het sy boodskap verstaan en dit ter harte geneem.

Na afsluiting was ons maar traag om op te pak en huiswaarts te keer. Maar ons is ook opgewonde oor die volgende kamp wat ons weer bymekaar kan kom. Tot weer siens.


Groete

Betsie Breedt



Namens streek Oos-Rand wil ons vir Lance (gebiedsvoorsitter) en Retha Batts, (sekretaris) van Oos-Transvaal bedank dat hulle die naweek saam met ons kom kuier het. Ons hoop van harte dat julle die kamp geniet het.





FOOD FOOD

RESEP: HOENDER NACHOS

1. Verhit olie in die pan en braai hoenderstukkies en uie tot gaar.
2. Stel oond op 180 grade ©
3. Pak hoender op gesmeerde bakskotteltjie en pak Doritos of Nachos chippies bo-op hoender
4. Strooi gerasperde kaas bo-oor en bak todat kaas gesmelt is vir so 10 minute
5. Bedien met yoghurt of salsa (fyn gekapte green pepper, tamatie en uie)
6. Lekker smul!!

★HAPPY★
BIRTHDAY!

VERJAARSDAE

- 1.
- 2.
- 3.
- 4.